Publication: Beeld - Sake
Title: Batterye gaan aardgas troef
AVE: 52292.25
Page: 14
Publish Date: 17 May 2019
Author: Francois Williams

Die Duitse ingenieursgroep ABB se fabriek in Duitsland wat elektrisiteit kry van 'n sonkrag-en-batterystelsel. Foto: ABB

SONKRAG

Batterye gaan aardgas troef

Tegnologie maak dit kostedoeltreffender

Francois Williams

Teen die tyd dat Suid-Afrika genoeg aardgas op groot skaal vir kragopwekking kan gebruik, sal batterytegnologie al kostedoeltreffender wees omdat dit so vinnig verbeter.

Dit is batterytegnologie wat 'n kragnetwerk sal moontlik maak wat 100% deur hernubare energie aangedryf word, het dr. Kilian Hagemann, medestigter en besturende direkteur van die windplaasontwikkelaar G7 Renewables, in 'n onderhoud tydens die Africa Utility Week in Kaapstad gesê.

Batterye kan enige plek in die kragnetwerk geplaas word en kan in modules bygevoeg word soos wat dit benodig word. Dit is dus baie buigsaam.

In Suid-Afrika kan windkrag se bydrae tot die totale kragvraag teen 2050 op sowat 40% stabiliseer, meen Hagemann. Hy glo nie windkrag sal in meer as 50% van die land se kragvraag kan voorsien nie.

Die plan van die regering om Eskom in drie entiteite – kragopwekking, transmissie en distribusie – te verdeel, is volgens Hagemann die beste ding wat met die hernubare-energiebedryf kan gebeur.

Tot dusver kon die transmissie-afdeling nie geld bestee om kragnetwerke op te knap nie, want voordat hulle hul begroting kan bestee, word dit weggeraap om aan die kragopwekkingskant bestee te word.

As die drie entiteite afsonderlik hul eie begroting bestuur, sal die geld beter aangewend kan word sodat die kragnetwerk beter opgeknap kan word, wat meer groenkragkonneksies sal moontlik maak.

Oor die uitdagings vir die kragnetwerk as groeiende hoeveelhede krag van wisselvallige bronne soos wind- en sonkrag opgelaai word, is Hagemann vol vertroue dat Eskom die nodige kundigheid het om die netwerk reg te bestuur.

Volgens hom het byvoorbeeld die nuwe Ingula-pompopgaarskema van Eskom genoeg buigsame kragopwekkingsvermoë om die wisselvallige bydraes van onafhanklike kragprodusente te bestuur.

Klimaatmodelle en weervoorspellingstegnologie verbeter boonop jaarliks, sodat netwerkoperateurs al hoe akkurater is met hul vooruitskattings oor hoeveel hernubare energie op pad is na die kragnetwerk.

Teenoor Brittanje en Duitsland wat reeds besig is om hul steenkoolkragstasies uit te faseer, is Suid-Afrika wat hernubare energie betref in 'n baie beter posisie as hulle danksy oorvloedige sonskyn en beter wind.

Die Duitse ingenieursgroep ABB het juis die afgelope week sy eerste fabriek bekend gestel wat sy eie krag opwek.

Dit kry krag van 'n reeks fotovoltaïese sonpanele, gerugsteun deur 'n batterystelsel.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.